


# PREEKNOTA

Datum: **31/04/2026**

**1. Het jy al iets gekies omdat die uitkoms meer aanloklik was as om nee te sê?**

**2. Ons almal hoop integriteit en gehoorsaamheid lei ons, totdat integriteit iets vra.**

**Daniël 6:2-3 (NLV)** [2]Darius het dit goedgedink om 120 amptenare oor sy koninkryk aan te stel. [3]Oor hulle het hy drie hoofde aangestel as toesighouers wat na die koning se belange moes omsien. Daniël was een van die drie.

**Daniël 6:4 (NLV)** [4]Daniël was besonder bekwaam en het homself van die amptenare en die ander hoofde onderskei. Die koning het selfs oorweeg om hom oor sy hele ryk aan te stel.

**Daniël 6:5 (NLV)** [5]Die amptenare en hoofde het toe begin fout soek om iets oor sy werk teen Daniël in te bring. Hulle kon nêrens enige fout kry nie. Daniël was betroubaar en daar kon niks gekry word waarin hy nalatig was nie.

**3. Wat doen jy wanneer gehoorsaamheid skielik 'n prys kry?**

**Daniël 6:6-8 (NLV)** [6]Omdat hulle niks teen hom kon kry nie, het hierdie mense toe besluit dat hulle op grond van sy godsdiens iets teen hom sou kry. [7]'n Groep van die amptenare en hoofde is toe na die koning toe. Hulle sê vir hom: "Koning Darius, mag u nog lank lewe! [8]Al die hoofde in die ryk, die hoofgoewerneurs, die hoofamptenare, die raadgewers en die goewerneurs beveel by u aan dat die koning 'n dekreet uitvaardig en bekragtig dat enigeen wat gedurende die volgende 30 dae enige god of mens behalwe die koning vereer, in 'n hok met leeus gegooi sal word.

**Daniël 6:11 (NLV)** [11]Toe Daniël hoor dat die wet onderteken is, het hy huis toe gegaan. Hy het daar 'n venster gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem. Hy het daar drie maal 'n dag op sy knieë gegaan om tot sy God te bid en om Hom te loof, soos hy gewoond was om te doen.

Party van ons wil die leeukuil geloof hê sonder die venster gewoonte.

**4. Wat is jou "WEN", wat is die uitkoms wat jou besluite begin beheer?**

Wat jy die meeste beskerm wys vir jou gewoonlik wat jou besluite beheer.

***Getrouheid is nie:***
Ek dien God omdat Hy alles laat uitwerk soos ek wil hê nie.
***Getrouheid is:***
Ek dien God omdat Hy God is.

Die enigste ding wat niemand kan wegneem nie, is jou besluit om gehoorsaam en getrou te bly aan Jesus.

**5. Wat kan gebeur as die lokale kerk, deur gehoorsaam en getrou aan Jesus te bly, deur Hom gelei word?**

**Daniël 6:21–22 (NLV)** [21]Naby die hok het hy angstig na Daniël geroep en gevra: "Daniël, dienaar van die lewende God, kon jou God wat jy altyd aanbid, jou van die leeus red?" [22]Daniël het die koning geantwoord: "Mag die koning lank lewe!

**Daniël 6:26–27 (NLV)** [26]Koning Darius het toe aan al die volke, nasies en tale oor die hele aarde 'n brief geskryf: "Hartlike groete vir julle almal! [27]Ek vaardig 'n bevel uit dat in al die gebiede van my ryk daar agting en respek moet wees vir die God van Daniël. Hy is die God wat lewe en vir altyd bestaan. Sy koninkryk ken geen einde nie en sy regering het geen grense nie.

**Spreuke 11:2-3(AFR20)** [2] As verwaandheid kom, kom skande, maar by beskeie mense is daar wysheid. [3] Die onkreukbaarheid van opregtes lei hulle, maar die verdorwenheid van verraderlikes vernietig hulle.

As die enigste ding waarvoor Jesus volgelinge gekritiseer kan word, hulle onwrikbare lojaliteit aan hulle Koning is, sou families en gemeenskappe beter wees.

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

**KONTAKPERSONE:**

**Gemeentepredikant:**
MARIUS MALAN - 016 004 0016
marius@kg.org.za

**Gemeentebestuurder:**
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

**PREDIKANTE:**

**TOMMIE ARPIN**
082 342 6245 | tommie@kg.org.za

**JONATHAN MÜLLER**
064 658 6636 | jonathan@kg.org.za

**EDOHAN BURGER**
084 570 0669 | edohan@kg.org.za

**LUCAS NIEMAND**
083 233 4000 | lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
**Mantevrede, Vanderbijlpark**
**016 004 0016 / navrae@kg.org.za**

**KONTANTLOSE BYDRAES**

**BANKBESONDERHEDE:**
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655